HENDRIK CHRISTOFFEL MULLER VERKLAAR :

Ek is 'n kolonel in die S.A. Polisie en bevelvoerder van die Veiligheidstak, Johannesburg.

Blanke man NEIL HUDSON AGGETT is, in uitvoering van my opdrag op 81-11-27 deur kapt. J.C. Strauss van hierdie personeel ooreenkomstig die bepalings van Art. 22(1) Wet 62/66 arresteer. Hy is te Pretoria-Sentrale Gevangenis aangehou.

Op 81-12-11 is hy verder ooreenkomstig bepalings van Art 6(1) Wet 83/67 aangehou en wel te Polisieselle, John Vorsterplein.

Om ongeveer 02h05 op Vrydag 82-02-05 is ek deur Lt.kol. Scholtz van hierdie personeel telefonies verwittig dat hy so pas deur die Aanklagtekantoorpersoneel te John Vorsterplein meegedeel is dat Aggett dood in sy sel aangetref is. Hy het aan 'n stuk materiaal om sy nek en aan die traliewerk wat ingang tot die sel bied vasgemaak gehang.

Ek het my na John Vorsterplein gehaas waar ek om ongeveer 02h20 arriveer het. A/o Marais, sers. Agenbach en ander lede van die Mag was teen=woordig.

Ek is verwittig, ek kan nie onthou deur wie nie, dat Aggett dood in sy sel aangetref is onder omstandighede soos hierbo omskryf.

Nadat ek my vergewis het dat Aggett reeds dood was het ek telefonies met die Distriksgeneesheer, Dr. NEILSON en die Staatspatoloog Prof. Scheepers in verbinding getree en hulle van die voorval verwittig. Nadat ek deur Prof. Scheepers meegedeel is dat ek so kan doen het ek die liggaam laat lossny en na die Staats-lykshuis laat verwyder.

JOHANNESBURG
82-02-16

..............................Kol.
(H.C. MULLER)

1. Ek sertifiseer dat voordat ek die voorgeskrewe eed/bevestiging afgeneem het, ek die volgende vrae aan die verklaarder gestel en sy/haar antwoorde in sy/haar teenwoordigheid neergeskryf het:

(1) Is u vertroud met die inhoud van bostaande verklaring en begryp u dit?

Antwoord ...

(2) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord ...

(3) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?

Antwoord ...

2. Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en [illegible] hierdie verklaring is [illegible] voor my en verklaarder se handtekening/duimafdrukmerk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

1. I certify that before administering the oath/affirmation I asked the deponent the following questions and wrote down his/her answers in his/her presence:

(1) Do you know and understand the contents of the declaration?

Answer ...............

(2) Do you have any objection to taking the prescribed oath?

Answer ...............

(3) Do you consider the prescribed oath to be binding on your conscience?

Answer ...............

2. I certify that the deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this declaration which was sworn to/affirmed before me and the deponent's signature/thumb print mark was placed thereon in my presence.

...............  ...............

Vrederegter — Justice of the Peace
Kommissaris van Ede — Commissioner of Oaths

Amp (Rang)
Designation (Rank) ............... Republiek en Suidwes-Afrika
Ex Officio Republic and South-West Africa

Datum
Date ...............
Plek
Place ...............

**Collection Number: AK2216**

**AGGETT, Dr Neil, Inquest, 1982**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection deposited at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand.